



DIE PROVINSIE TRANSVAAL
Offisiële Koerant

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)



THE PROVINCE OF TRANSVAAL
Official Gazette

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

PRYS: S.A. 10c OORSEE 15c

PRICE: S.A. 10c OVERSEAS 15c

VOL. 219

PRETORIA

14 MEI
14 MAY,

1975

3758

No. 94 (Administrateurs-), 1975.

PROKLAMASIE

*deur sy Edele die Administrateur van die
Provinsie Transvaal.*

Kragtens die bevoegdhede aan my verleen by artikel 4 van die "Local Authorities Roads Ordinance", 1904, gelees met artikel 80 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, proklameer ek hierby die pad soos omskryf in die bygaande Bylae tot 'n publieke pad onder die regsbevoegdheid van die Stadsraad van Witbank.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 1ste dag van Mei, Eenduisend Negehoenderd Vyf-en-sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
PB. 3-6-6-2-39-1

BYLAE.

MUNISIPALITEIT WITBANK: BESKRYWING VAN PAD.

'n Pad oor Gedeelte 14 van die plaas Klipfontein 322-J.S., distrik Witbank, soos meer volledig aangedui deur die letters ABCDA op Kaart L.G. A.7403/74.

No. 95 (Administrateurs-), 1975.

PROKLAMASIE

Ingevolge artikel 49(1) van die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet 47 van 1937), gelees met artikel 82 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965), verklaar ek hierby dat die grense van die dorp Hyde Park Uitbreiding 37 uitgebrei word deur Gedeelte 483 (n gedeelte van Gedeelte 402) van die plaas Zandfontein 42-I.R., Provinsie Transvaal, daarin op te neem onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 30ste dag van April, Eenduisend Negehoenderd Vyf-en-sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
PB. 4-8-2-2466-1

No. 94 (Administrator's), 1975.

PROCLAMATION

*by the Honourable the Administrator of the
Province Transvaal.*

Under the powers vested in me by section 4 of the Local Authorities Roads Ordinance, 1904, read with section 80 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, I do hereby proclaim the road as described in the Schedule hereto as a public road under the jurisdiction of the Town Council of Witbank.

Given under my Hand at Pretoria, this 1st day of May, One thousand Nine hundred and Seventy-five.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province Transvaal.
PB. 3-6-6-2-39-1

SCHEDULE.

WITBANK MUNICIPALITY: DESCRIPTION OF ROAD.

A road over Portion 14 of the farm Klipfontein 322-J.S., district of Witbank, as more fully shown by the letters ABCDA on Diagram S.G. A.7403/74.

No. 95 (Administrator's), 1975.

PROCLAMATION

In terms of section 49(1) of the Deeds Registries Act, 1937 (Act 47 of 1937), read with section 82 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), I hereby declare that the boundaries of Hyde Park Extension 37 Township shall be extended to include Portion 483 (a portion of Portion 402) of the farm Zandfontein 42-I.R., Province of Transvaal, subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

Given under my Hand at Pretoria, on this 30th day of April, One thousand Nine hundred and Seventy-five.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province Transvaal.
PB. 4-8-2-2466-1

BYLAE.

A. INLYWINGSVOORWAARDES.

By inlywing moet die applikant:

- (a) op eie koste die grond laat indeel as "Algemene Woon" in die Noordelike Johannesburgstreek-dorpsbeplanningskema.
- (b) op eie koste en tot bevrediging van die plaaslike bestuur 'n voetpad, 7,87 meter wyd, voorsien.

B. TITELVOORWAARDES.

By inlywing is die erf onderworpe aan bestaande voorwaardes en servitute.

No. 96 (Administrateurs-), 1975.

PROKLAMASIE

Ingevolge artikel 49(1) van die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet 47 van 1937), gelees met artikel 82 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965), verklaar ek hierby dat die grense van die dorp Lilianton uitgebrei word deur Gedeelte 244 en Restant van Gedeelte 14, van die plaas Driefontein 85-I.R., distrik Boksburg, daarin op te neem onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 25ste dag van April, Eenduisend Negehonderd Vyf-en-sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
PB. 4-8-2-766-1

BYLAE.

TITELVOORWAARDES.

By inlywing is die erf onderworpe aan bestaande voorwaardes en servitute, indien enige, en aan die volgende voorwaardes opgelê deur die Administrateur ingevolge Ordonnansie 25 van 1965:

- (a) Die erf is onderworpe aan 'n servituut, 2 m breed, vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens, soos deur die plaaslike bestuur bepaal.
- (b) Geen gebou of ander struktuur mag binne die voornoemde servituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige servituut of binne 'n afstand van 2 m daarvan geplant word nie.
- (c) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke wat hy volgens goed-dunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde servituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel; onderworpe daaraan dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke veroorsaak word.

SCHEDULE.

A. CONDITIONS OF INCORPORATION.

Upon incorporation the applicant shall:

- (a) at its own expense cause the land to be zoned "General Residential" in the Northern Johannesburg Region Town-planning Scheme;
- (b) provide a pedestrian way 7,87 metre in width, free of cost and to the satisfaction of the local authority.

B. CONDITIONS OF TITLE.

Upon incorporation the erf shall be subject to existing conditions and servitudes.

No. 96 (Administrator's), 1975.

PROCLAMATION

In terms of section 49(1) of the Deeds Registries Act, 1937 (Act 47 of 1937), read with section 82 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), I hereby declare that the boundaries of Lilianton Township shall be extended to include Portion 244 and Remainder of Portion 14 of the farm Driefontein 85-I.R., district of Boksburg subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

Given under my Hand at Pretoria, on this 25th day of April, One thousand Nine hundred and Seventy-five.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province Transvaal.
PB. 4-8-2-766-1

SCHEDULE.

CONDITIONS OF TITLE.

Upon incorporation the erf shall be subject to existing conditions and servitudes, if any, and to the following conditions imposed by the Administrator in terms of Ordinance 25 of 1965:

- (a) The erf is subject to a servitude, 2 m wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along any two boundaries other than a street boundary as determined by the local authority.
- (b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 m thereof.
- (c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude, such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purposes subject to any damage done during the process of the construction; maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

No. 97 (Administrateurs-), 1975.

PROKLAMASIE

Nademaal bevoegdheid by artikel 2 van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), aan my verleen is om 'n beperking of verpligting in daardie artikel genoem te wysig, op te skort of op te hef;

So is dit dat ek, met betrekking tot Erf 317, geleë in dorp Badplaas, distrik Carolina, gehou kragtens Akte van Transport 18358/1972, voorwaarde 3(d) wysig deur die toevoeging van die volgende voorbehoudsbepaling:—

“provided that existing buildings may continue to exist at a distance of 3 metres from the boundary abutting on a street.”

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 30ste dag van April, Eenduisend Negehonderd Vyf-en-sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
PB. 4-14-2-66-2

ADMINISTRATEURSKENNISGEWINGS

Administrateurskennisgewing 687 30 April 1975

MUNISIPALITEIT BRITS: VOORGESTELDE VERANDERING VAN GRENSE.

Ingevolge artikel 10 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Stadsraad van Brits 'n versoekskrif by die Administrateur ingedien het met die bede dat hy die bevoegdhede aan hom verleen by artikel 9(7) van genoemde Ordonnansie uitoefen en die grense van die Munisipaliteit Brits verander deur die opneming daarin van die gebied wat in die Bylae hierby omskryf word.

Enige belanghebbende persone is bevoeg om binne 30 dae na die eerste publikasie hiervan in die *Provinsiale Koerant* aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Private X437, Pretoria 'n teenpetisie te rig waarin die Administrateur versoek word om nie aan genoemde versoekskrif, in geheel of ten dele, te voldoen nie.

Verdere besonderhede van die aansoek lê in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer B206A, Provinsiale Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria, en in die kantoor van die Stadsklerk Brits, ter insae.

PB. 3-2-3-10 Vol. 4
30—7—14

BYLAE.

MUNISIPALITEIT BRITS: BESKRYWING VAN GEBIED WAT INGELYF STAAN TE WORD.

Gedeelte 293 (n gedeelte van Gedeelte 5) van die plaas Roodekopjes of Zwartkopjes 427-J.Q., volgens Kaart L.G. A.2056/27.

No. 97 (Administrator's), 1975.

PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 2 of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967) to alter, suspend or remove a restriction or obligation referred to in that section;

Now therefore I do hereby, in respect of Erf 317, situate in Badplaas Township, district Carolina, held in terms of Deed of Transfer 18358/1972, alter condition 3(d) by the addition of the following proviso:—

“provided that existing buildings may continue to exist at a distance of 3 metres from the boundary abutting on a street.”

Given under my Hand at Pretoria, on this 30th day of April, One thousand Nine hundred and Seventy-five.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province Transvaal.
PB. 4-14-2-66-2

ADMINISTRATOR'S NOTICES

Administrator's Notice 687 30 April, 1975

BRITS MUNICIPALITY: PROPOSED ALTERATION OF BOUNDARIES.

Notice is hereby given, in terms of section 10 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council Brits has submitted a petition to the Administrator praying that he may in the exercise to the powers conferred on him by section 9(7) of the said Ordinance, alter the boundaries of Brits Municipality by the inclusion therein of the area described in the Schedule hereto.

It shall be competent for any persons interested, within 30 days of the first publication hereof in the *Provincial Gazette*, to direct to the Director of Local Government, Private Bag X437, Pretoria a counterpetition requesting the Administrator to refrain from granting the said petition, either wholly or in part.

Further particulars of the application are open for inspection at the office of the Director of Local Government, Room B206A, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria and at the office of the Town Clerk of Brits.

PB. 3-2-3-10 Vol. 4
30—7—14

SCHEDULE.

BRITS MUNICIPALITY: DESCRIPTION OF AREA TO BE INCORPORATED.

Portion 293 (a portion of Portion 5) of the farm Roodekopjes or Zwartkopjes 427-J.Q., vide Diagram S.G. A.2056/27.

Administrateurskennisgewing 767 14 Mei 1975

MUNISIPALITEIT ELSBURG: WYSIGING VAN
TARIEF VAN GELDE VIR DIE LEWERING VAN
ELEKTRISITEIT.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Tarief van Gelde vir die lewering van elektrisiteit van die Munisipaliteit Elsburg, afgekondig onder die Aanhangsel by Administrateurskennisgewing 146 van 5 Maart 1930, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur —

- (a) in item 1(2)(b) die syfers "40" deur die syfers "60" te vervang;
- (b) in item 2(2)(b) die syfers "150" deur die syfers "200" te vervang; en
- (c) in item 3(b) die syfers "300" deur die syfers "400" te vervang.

PB. 2-4-2-36-56

Administrateurskennisgewing 768 14 Mei 1975

MUNISIPALITEIT HEIDELBERG: WYSIGING VAN
ELEKTRISITEITSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Elektrisiteitsverordeninge van die Munisipaliteit Heidelberg, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 1572 van 13 September 1972, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur na item 10 van Deel I van die Tarief van Gelde onder die Bylae die volgende item in te voeg:

"11. Toeslag.

'n Toeslag van 6%, met 'n minimum toeslag van 10c per rekening, word op alle rekenings vir elektrisiteitsverbruik na 1 April 1975, gehef."

PB. 2-4-2-36-15

Administrateurskennisgewing 769 14 Mei 1975

MUNISIPALITEIT JOHANNESBURG: WYSIGING
VAN DIE VERORDENINGE EN REGULASIES BETREFFENDE
LISENSIES EN DIE BEHEER OOR BESIGHEDE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge en Regulasies Betreffende Lisensies en die Beheer oor Besighede van die Munisipaliteit van Johannesburg, afgekondig by Administrateurskennisgewing 394 van 27 Mei 1953, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur Hoofstuk 12 van Deel III soos volg te wysig:

Administrator's Notice 767 14 May, 1975

ELSBURG MUNICIPALITY: AMENDMENT TO
TARIFF OF CHARGES FOR THE SUPPLY OF
ELECTRICITY.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him, in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Tariff of Charges for the supply of electricity of the Elsburg Municipality, published under the Appendix to Administrator's Notice 146 dated 5 March 1930, as amended, is hereby further amended by the substitution —

- (a) in item 1(2)(b) for the figures "40" of the figures "60";
- (b) in item 2(2)(b) for the figures "150" of the figures "200"; and
- (c) in item 3(b) for the figures "300" of the figures "400".

PB. 2-4-2-36-56

Administrator's Notice 768 14 May, 1975

HEIDELBERG MUNICIPALITY: AMENDMENT OF
ELECTRICITY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Electricity By-laws of the Heidelberg Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 1572, dated 13 September 1972, as amended, are hereby further amended by the insertion after item 10 of Part I of the Tariff of Charges under the Schedule of the following item:

"11. Surcharge.

A surcharge of 6%, with a minimum surcharge of 10c per account, shall be levied on all accounts for electricity consumed after 1 April 1975."

PB. 2-4-2-36-15

Administrator's Notice 769 14 May, 1975

JOHANNESBURG MUNICIPALITY: AMENDMENT
TO BY-LAWS AND REGULATIONS RELATING TO
LICENCES AND BUSINESS CONTROL.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The By-laws and Regulations Relating to Licences and Business Control of the Johannesburg Municipality, published under Administrator's Notice 394, dated 27 May 1953, as amended, are hereby further amended by amending Chapter 12 of Part III as follows:

1. Deur in artikels 277 en 278 die woorde "en 'n be-
taalkenteken" te skrap.

2. Deur artikel 279 deur die volgende te vervang:
"Presumpisie ten opsigte van Ouderdom."

279. Indien daar kragtens hierdie Hoofstuk van
hierdie verordeninge geregtelike stappe gedoen word teen
iemand wat 'n hond van die windhondfamilie of 'n der-
gelike soort van twee maande of ouer of enige ander
hond van ses maande of ouer, aanhou sonder dat hy sy
hondbelasting betaal het, word daar beskou dat sodan-
ige hond in die geval van 'n hond van die windhond-
familie of 'n dergelike soort die ouderdom van twee
maande, of in die geval van enige ander hond die ouder-
dom van ses maande, bereik het, tensy en tot tyd en wyl
die teendeel bewys is.

3. Deur artikels 282 en 283 deur die volgende te
vervang:

"Belastingkwitansie."

282.(1) Die Raad moet aan elke applikant wat aan
die vereistes van artikel 281 van hierdie Hoofstuk vol-
doen het, 'n kwitansie wat hierna 'n belastingkwitansie
genoem word, op 'n gedrukte vorm waarin die hond
beskrywe word, en wat deur 'n behoorlik gemagtigde
beampte van die Raad onderteken is, uitreik.

(2) Die geldigheidsduur van elke belastingkwitansie
verstryk om middernag op die 31ste Desember wat op
die uitreikingsdatum volg.

Duplikaatbelastingskwitansies.

283. Elkeen wat 'n geldige belastingskwitansie waar-
toe hy geregtig is, verloor, kan teen betaling van 'n be-
drag van 20c. 'n duplikaat daarvan verkry, indien hy die
Raad oortuig dat hy die oorspronklike verloor het.

(4) Deur artikel 286 te skrap.

5. Deur in artikel 288(1) die woorde "of wat nie 'n
metaalkenteken aan sy halsband het nie," en die uit-
drukking "tensy die eienaar daarvan 'n skriftelike vrystel-
ling kragtens artikel 297 kan toon, of" te skrap.

6. Deur artikels 291 en 297 te skrap.

PB. 2-4-2-97-2

Administrateurskennisgewing 770

14 Mei 1975

**MUNISIPALITEIT JOHANNESBURG: WYSIGING
VAN VERORDENINGE EN REGULASIES BETREF-
FENDE LISENSIES EN BEHEER OOR BESIGHEDE.**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel
101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939,
die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom inge-
volgde artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedge-
keur is.

Die Verordeninge en Regulasies Betreffende Lisensies
en Beheer oor Besighede van die Munisipaliteit Johan-
nesburg, afgekondig by Administrateurskennisgewing 394
van 27 Mei 1953, soos gewysig, word hierby verder ge-
wysig deur Hoofstuk 2 van Deel III soos volg te
wysig:—

1. Deur na artikel 26 die volgende artikel in te voeg:

"27.(1) Ondanks enige andersluidende bepaling van
hierdie verordeninge, moet iemand wat ingevolge die
Ordonnansie op Lisensies, 1974, by 'n Lisensieraad wat
kragtens dié Ordonnansie ingestel is, aansoek doen om

1. By the deletion in sections 277 and 278 of the
words "and metal badge".

2. By the substitution for section 279 of the fol-
lowing:

"Presumption Regarding Age."

279. In any proceedings instituted in terms of this
Chapter of these by-laws against any person for keeping
a dog of the greyhound or similar strain above the age
of two months or any other dog of or over the age of
six months without having paid the tax in respect thereof,
such dog shall in the case of a greyhound or similar
strain be deemed to have reached the age of two months
or, in the case of any other dog, be deemed to have
reached the age of six months, unless and until the
contrary is proved.

3. By the substitution for sections 282 and 283 of the
following:

"Tax Receipt."

282.(1) To every applicant who has satisfied the re-
quirements of section 281 of this Chapter, the Council
shall issue a receipt upon a printed form, hereinafter
called a tax receipt, which shall contain a description
of the dog and which shall be signed by a duly au-
thorised official of the Council.

(2) Every tax receipt shall cease to be effective at
midnight on 31 December next following the date of
issue.

Duplicate Tax Receipts.

283. Any person who shall lose any current tax re-
ceipt to which he is properly entitled may, upon satisfy-
ing the Council of such loss, obtain a duplicate thereof
upon payment of a fee of 20c.

4. By the deletion of section 286.

5. By the deletion in section 288(1) of the words "or
which is without a metal badge upon its collar," and
the expression "unless the owner shall produce a written
dispensation in terms of section 297 or".

6. By the deletion of sections 291 and 297.

PB. 2-4-2-97-2

Administrator's Notice 770

14 May 1975

**JOHANNESBURG MUNICIPALITY: AMENDMENT
TO BY-LAWS AND REGULATIONS RELATING TO
LICENCES AND BUSINESS CONTROL.**

The Administrator hereby, in terms of section 101
of the Local Government Ordinance, 1939, publishes
the by-laws set forth hereinafter, which have been
approved by him in terms of section 99 of the said
Ordinance.

The By-laws and Regulations Relating to Licences and
Business Control of the Johannesburg Municipality, pub-
lished under Administrator's Notice 394, dated 27 May
1953, as amended, are hereby further amended by
amending Chapter 2 of Part III as follows:—

1. By the addition after section 26 of the following
section:

"27.(1) Notwithstanding anything to the contrary in
these by-laws contained, any person who, in terms of the
Licences Ordinance, 1974, makes application to a Li-
censing Board established in terms of that Ordinance for

die uitreik van 'n nuwe lisensie om 'n besigheid binne die munisipaliteit te dryf, die toepaslike gelde wat by Bylae 3A by hierdie Hoofstuk van hierdie verordeninge voorgeskryf word vir die inspeksie van die besigheidspersoneel ten opsigte waarvan hy aldus aansoek doen, aan die Raad betaal voordat die Raad sodanige inspeksie doen.

(2) Vir die toepassing van hierdie artikel beteken 'besigheidspersoneel' 'n besigheidspersoneel soos omskryf in artikel 1 van die Ordonnansie op Lisensies, 1974."

2. Deur na Bylae 3, die volgende in te voeg:—

"BYLAE 3A.

Inspeksiegelde vir Besigheidspersoneel.

<i>Besighede en Beroepe</i>	<i>Inspeksiegeld</i> R
1. Aanstootlike bedrywe	19,00
2. Afslaer	13,00
3. Algemene handelaar:	
(1) Gemiddelde waarde van voorraad hoogstens R4 000	16,00
(2) Vir elke bykomende R50 000 aan waarde van voorraad, 'n bykomende	3,00
4. Apteker	8,00
5. Bakker	25,00
6. Barbier of haarkapper	7,00
7. Begrafnisondernemer	8,00
8. Eethuisher	18,00
9. Eiendomsagent	6,00
10. Fietshandelaar	11,00
11. Handelaar in bene en gebruikte goedere	11,00
12. Handelaar in huishoudelike patent- en eiendomsmedisyne	8,00
13. Handelaar in motorvoertuie	15,00
14. Handelaar of spekulant in lewende hawe of produkte	8,00
15. Handelaar in spuit- of mineraalwater	11,00
16. Handelaar in vuurwerk	5,00
17. Handelsreisiger	4,00
18. Hondehok of troeteldierloosiesinrigting of -salon	12,00
19. Huurstal- of ryskoolhouer	10,00
20. Kafeehouer	15,00
21. Kinderbewaarploaas of kleuterskool:	
(1) Halfdag-akkommodasie	21,00
(2) Heeldag-akkommodasie	32,00
22. Liggaamsontwikkeling-, gesondheids- of skoonheidsentrum	13,00
23. Markagent	5,00
24. Melkery	26,00
25. Melkplaas	17,00
26. Melkwinkel	11,00
27. Meulenaar	25,00
28. Motorgarage:	
(1) Slegs verkope	17,00
(2) Herstel- en onderhoudswerk	21,00
29. Motorvoertuigoppasser	1,00
30. Ontsmetter of beroker	8,00
31. Ontspanningsterrein	20,00
32. Pakhuis	19,00
33. Pandjieshouer	8,00
34. Parkade	12,00
35. Passasiersvervoeronderneming	12,00
36. Pos- of ander bestellingsonderneming	11,00
37. Restauranthouder	18,00
38. Skoenmaker	11,00
39. Skuldinvorderaar en opspoorder	4,00
40. Slagter	11,00

the issue to him of a new licence to carry on a business within the municipality, shall pay to the Council the appropriate fee prescribed in Schedule 3A to this Chapter of these by-laws for the inspection of the business premises in respect of which such application is made and such fee shall be paid to the Council before any such inspection is made by it.

(2) For purposes of this section 'business premises' shall mean business premises as defined in section 1 of the Licences Ordinance, 1974."

2. By the addition after Schedule 3 of the following:

"SCHEDULE 3A.

Inspection Fees for Business Premises.

<i>Trades and Occupations</i>	<i>Inspection Fee</i> R
1. Offensive trades	19,00
2. Auctioneer	13,00
3. General:	
(1) Average value of stock not exceeding R4 000	16,00
(2) For each additional R50 000 of stock add	3,00
4. Chemist and druggist	8,00
5. Baker	25,00
6. Barber or hairdresser	7,00
7. Funeral undertaker	8,00
8. Eating-house keeper	18,00
9. Estate agent	6,00
10. Cycle dealer	11,00
11. Dealer in bones and used goods	11,00
12. Dealer in household, patent and proprietary medicines	8,00
13. Dealer in motor vehicles	15,00
14. Dealer or speculator in livestock or produce	8,00
15. Dealer in aerated or mineral water	11,00
16. Dealer in fireworks	5,00
17. Commercial traveller	4,00
18. Kennel or pet boarding establishment or salon	12,00
19. Livery stable or riding school	10,00
20. Café keeper	15,00
21. Crèche or Nursery School:	
(1) Half-day accommodation	21,00
(2) Full-day accommodation	32,00
22. Physical culture, health or beauty centre	13,00
23. Market agent	5,00
24. Dairy	26,00
25. Dairy farm	17,00
26. Milk shop	11,00
27. Miller	25,00
28. Motor Garage:	
(1) Sales only	17,00
(2) Repairs and maintenance	21,00
29. Motor vehicle attendant	1,00
30. Disinfectant or fumigator	8,00
31. Recreation ground	20,00
32. Warehouse	19,00
33. Pawnbroker	8,00
34. Parkade	12,00
35. Passenger transport undertaking	12,00
36. Mail-order or other undertaking	11,00
37. Restaurant keeper	18,00
38. Cobbler	11,00
39. Debt collector and tracer	4,00
40. Butcher	11,00

<i>Besighede en Beroepe</i>	<i>Inspeksiegeld</i> R
41. Smous	7,00
42. Spesiale lisensie	15,00
43. Spysenier	22,00
44. Straatfotograaf	5,00
45. Verblyfsonderneming:	
(1) <i>Met etes:</i>	
(a) 1-50 beddens	30,00
(b) 50-100 beddens	37,00
(c) Meer as 100 beddens	48,00
(2) <i>Sonder etes:</i>	
(a) 1-10 kamers	19,00
(b) Vir elke bykomende 10 kamers of gedeelte daarvan, 'n bykomende	3,00
(3) <i>Woonstelle:</i>	
(a) 1-10 woonstelle	21,00
(b) Vir elke bykomende 10 woonstelle of gedeelte daarvan, 'n bykomende	5,00
46. Verhuurdiens	8,00
47. Verkoopoutomaathouër	14,00
48. Vermaaklikheidsplek	23,00
49. Vishandelaar en -bakker	13,00
50. Voedselvervaardiger	27,00
51. Vruchte-, groente- en plantehandelaar	12,00
52. Wasser of droogskoonmaker	19,00
53. Wassery- of droogskoonmakery-ontvangsdepot	7,00
54. Werkswinkel	21,00."

PB. 2-4-2-97-2

Administrateurskennigsgewing 771

14 Mei 1975

MUNISIPALITEIT JOHANNESBURG: WYSIGING VAN VOEDSELHANTERINGSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Voedselhanteringsverordeninge van die Munisipaliteit Johannesburg, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennigsgewing 1492 van 28 Augustus 1974, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in artikel 3(b) die uitdrukking "Voedingsmiddels, Medisyne en Ontsmettingsmiddels, 1929 (Wet 13 van 1929)" deur die uitdrukking: "Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972 (Wet 54 van 1972)" te vervang.

PB. 2-4-2-176-2

Administrateurskennigsgewing 772

14 Mei 1975

MUNISIPALITEIT KRUGERSDORP: WYSIGING VAN BEURSLENINGSFONDSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

<i>Trades and Occupations</i>	<i>Inspection Fee</i> R
41. Hawker	7,00
42. Special licence	15,00
43. Caterer	22,00
44. Street photographer	5,00
45. Accommodation establishment:	
(1) <i>With meals:</i>	
(a) 1-50 beds	30,00
(b) 50-100 beds	37,00
(c) Exceeding 100 beds	48,00
(2) <i>No meals:</i>	
(a) 1-10 rooms	19,00
(b) For every additional 10 rooms or part thereof add	3,00
(3) <i>Flats:</i>	
(a) 1-10 flats	21,00
(b) For every additional 10 flats or part thereof add	5,00
46. Hiring service	8,00
47. Vending machine keeper	14,00
48. Place of entertainment	23,00
49. Fishmonger and fishfrier	13,00
50. Food manufacturer	27,00
51. Fruit, vegetable and plant dealer	12,00
52. Launderer or dry-cleaner	19,00
53. Laundry or dry-cleaning receiving depot	7,00
54. Workshop	21,00."

PB. 2-4-2-97-2

Administrator's Notice 771

14 May, 1975

JOHANNESBURG MUNICIPALITY: AMENDMENT TO FOOD-HANDLING BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Food-Handling By-laws of the Johannesburg Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 1492, dated 28 August 1974, as amended, are hereby further amended by the substitution in section 3(b) for the expression "Food, Drugs and Disinfectants Act, 1929 (Act 13 of 1929)" of the expression "Food-stuffs, Cosmetics and Disinfectants Act, 1972 (Act 54 of 1972)".

PB. 2-4-2-176-2

Administrator's Notice 772

14 May, 1975

KRUGERSDORP MUNICIPALITY: AMENDMENT TO BURSARY LOAN FUND BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

Die Beursleningsfondsverordeninge van die Munisipaliteit Krugersdorp, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1127 van 6 November 1968, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in artikel 4 die syfer "R400" deur die syfer "R600" te vervang.

PB. 2-4-2-121-18

Administrateurskennisgewing 773 14 Mei 1975

MUNISIPALITEIT KLERKSDORP: WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSTARIEF

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Elektrisiteitstarief van die Munisipaliteit Klerksdorp, afgekondig by Administrateurskennisgewing 830 van 17 Oktober 1956, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:—

1. Deur in die item onder die opskrif "Algemene Toeslag" aan die einde van Deel A die uitdrukking "43%" deur die uitdrukking "54%" te vervang.

2. Deur item 6 van Deel B te skrap, en items 7, 8, 9 en 10 onderskeidelik te hernoem 6, 7, 8 en 9.

PB. 2-4-2-36-17

Administrateurskennisgewing 774 14 Mei 1975

MUNISIPALITEIT LEEUWDOORNSSTAD: AANNAME VAN STANDAARD BOUVERORDENINGE

1. Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Dorpsraad van Leeuwardoornstad die Standaard Bouverordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1993 van 7 November 1974, ingevolge artikel 96bis(2) van genoemde Ordonnansie sonder wysiging aangeneem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is.

2. Die Bouverordeninge van die Munisipaliteit Leeuwardoornstad, afgekondig by Administrateurskennisgewing 372 van 16 April 1969, word hierby herroep.

PB. 2-4-2-19-91

Administrateurskennisgewing 775 14 Mei 1975

MUNISIPALITEIT MARBLE HALL: AANNAME VAN STANDAARD BOUVERORDENINGE

1. Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Dorpsraad van Marble Hall die Standaard Bouverordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1993 van 7 November 1974, ingevolge artikel 96bis(2) van genoemde Ordonnansie sonder wysiging aangeneem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is.

2. Die Bouregulasies van die Munisipaliteit Marble Hall, afgekondig by Administrateurskennisgewing 704 van 22 Oktober 1947, soos gewysig word hierby herroep.

PB. 2-4-2-19-95

The Bursary Loan Fund By-laws of the Krugersdorp Municipality, published under Administrator's Notice 1127, dated 6 November 1968, as amended, are hereby further amended by the substitution in section 4 for the figure "R400" of the figure "R600".

PB. 2-4-2-121-18

Administrator's Notice 773 14 May 1975

KLERKSDORP MUNICIPALITY: AMENDMENT TO ELECTRICITY TARIFF

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Electricity Tariff of the Klerksdorp Municipality, published under Administrator's Notice 830, dated 17 October, 1956, as amended, is hereby further amended as follows:—

1. By the substitution in the item under the heading "General Surcharge" at the end of Part A for the expression "43%" of the expression "54%".

2. By the deletion of item 6 of Part B, and the re-numbering of items 7, 8, 9 and 10 to read 6, 7, 8 and 9 respectively.

PB. 2-4-2-36-17

Administrator's Notice 774 14 May 1975

LEEUWDOORNSSTAD MUNICIPALITY: ADOPTION OF STANDARD BUILDING BY-LAWS

1. The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that the Village Council of Leeuwardoornstad has, in terms of section 96bis(2) of the said Ordinance, adopted without amendment the Standard Building By-laws, published under Administrator's Notice 1993, dated 7 November 1974, as by-laws made by the said Council.

2. The Building By-laws of the Leeuwardoornstad Municipality, published under Administrator's Notice 372, dated 16 April, 1969, are hereby revoked.

PB. 2-4-2-19-91

Administrator's Notice 775 14 May 1975

MARBLE HALL MUNICIPALITY: ADOPTION OF STANDARD BUILDING BY-LAWS

1. The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that the Village Council of Marble Hall has, in terms of section 96bis(2) of the said Ordinance, adopted without amendment the Standard Building By-laws, published under Administrator's Notice 1993, dated 7 November 1974, as by-laws made by the said Council.

2. The Building Regulations of the Marble Hall Municipality, published under Administrator's Notice 704, dated 22 October, 1947, as amended, are hereby revoked.

PB. 2-4-2-19-95

Administrateurskennisgewing 776 14 Mei 1975

TRANSVAALSE RAAD VIR DIE ONTWIKKELING VAN BUITESTEDELIKE GEBIEDE: WYSIGING VAN SANITÊRE GEMAKKE EN NAGVUIL- EN VUILGOEDVERWYDERINGSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, gelees met artikel 16(3) van die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943, en Proklamasie 6 (Administrateurs-) van 1945, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van eersgenoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Sanitêre Gemakke en Nagvuil- en Vuilgoedverwyderingsverordeninge van die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, afgekondig by Administrateurskennisgewing 218 van 25 Maart 1953, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur na item 35 van Bylae A die volgende by te voeg:—

“36. *Gelde Betaalbaar vir Nagvuil- en Vuilgoedverwyderingsdienste binne die Gebiede van die Zaaivater en Van Dyksdrift Plaaslike Gebiedskomitees.*

Dienste aan alle Persele.

(1) Vir nagvuilverwydering, drie maal per week, per emmer, per jaar: R25.

(2) Vir vuilgoedverwydering, een maal per week, per blik, per jaar: R20.

PB. 2-4-2-81-111

Administrateurskennisgewing 777 14 Mei 1975

MUNISIPALITEIT PIETERSBURG: WYSIGING VAN SWEMBADVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Swembadverordeninge van die Munisipaliteit Pietersburg, afgekondig by Administrateurskennisgewing 212 van 15 Maart 1961, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur—

(a) artikel 2 deur die volgende te vervang:

“2. Die Raad behou hom die reg van toegang tot die bad voor en bepaal van tyd tot tyd die maksimum aantal persone wat op enige tyd tot die bad toegelaat kan word.”;

(b) artikel 4 te skrap; en

(c) Bylae A te skrap.

PB. 2-4-2-91-24

Administrateurskennisgewing 778 14 Mei 1975

MUNISIPALITEIT ROODEPOORT: WYSIGING VAN PUBLIEKE GESONDHEIDSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom inge-

Administrator's Notice 776 14 May, 1975

TRANSVAAL BOARD FOR THE DEVELOPMENT OF PERI-URBAN AREAS: AMENDMENT TO SANITARY CONVENIENCES AND NIGHT-SOIL AND REFUSE REMOVAL BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, read with section 16(3) of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas Ordinance, 1943, and Proclamation 6 (Administrator's) of 1945, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the first-mentioned Ordinance.

The Sanitary Conveniences and Night-soil and Refuse Removal By-laws of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas, published under Administrator's Notice 218, dated 25 March 1953, as amended, are hereby further amended by the addition after item 35 of Schedule A of the following:—

“36. *Fees Payable for Night-soil and Refuse Removal Services within the Areas of the Zaaivater and Van Dyksdrift Local Area Committees.*

Services to all Premises.

(1) For night-soil removal, thrice weekly, per pail, per year: R25.

(2) For refuse removal, once weekly, per bin, per year: R20.

PB. 2-4-2-81-111

Administrator's Notice 777 14 May, 1975

PIETERSBURG MUNICIPALITY: AMENDMENT TO SWIMMING BATH BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Swimming Bath By-laws of the Pietersburg Municipality, published under Administrator's Notice 212, dated 15 March 1961, as amended, are hereby further amended by—

(a) the substitution for section 2 of the following:

“2. The Council reserves the right of admission to the bath and shall from time to time determine the maximum number of persons who may at any time be admitted to the bath.”;

(b) the deletion of section 4; and

(c) the deletion of Schedule A.

PB. 2-4-2-91-24

Administrator's Notice 778 14 May, 1975

ROODEPOORT MUNICIPALITY: AMENDMENT TO PUBLIC HEALTH BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the

volge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Publieke Gesondheidsverordeninge van die Munisipaliteit Roodepoort, afgekondig by Administrateurskennisgewing 11 van 12 Januarie 1949, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:—

1. Deur Hoofstuk 7 deur die volgende te vervang:—

“HOOFSTUK 7.

VERPLEEGINRIGTINGS.

Woordomskeywing.

1. Vir die toepassing van hierdie Hoofstuk, tensy die sinsverband anders aandui, beteken —

‘Raad’ die Stadsraad van Roodepoort en omvat die bestuurskomitee van daardie Raad of enige beampte deur die Raad in diens geneem, handelende uit hoofde van enige bevoegdheid wat in verband met hierdie verordeninge aan die Raad verleen is en wat ingevolge artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960 (Ordonnansie 40 van 1960), aan hom gedelegeer is;

‘stadsgeneesheer’ die stadsgeneesheer van die Raad en enigiemand wat behoorlik gemagtig is om namens hom op te tree; en het dieselfde betekenis as geneeskundige gesondheidsbeampte;

‘toereikend’ en ‘doeltreffend’ toereikend of doeltreffend, na gelang van die geval, na die mening van, en ‘goedgekeur’ goedgekeur deur, die stadsgeneesheer, met inagneming van die redelike openbare gesondheidsvereistes in die bepaalde geval;

‘verpleeginrigting’ en omvat dit enige perseel waar pasiënte teen vergoeding verpleeg of versorg word, uitgesonderd —

(a) ’n inrigting wat deur die Regering van die Republiek van Suid-Afrika, ’n Provinsiale Administrasie, ’n plaaslike bestuur of ’n hospitaalbestuur wat ingevolge die Ordonnansie op Hospitale, 1958, saamgestel is, besit of beheer word;

(b) ’n operasiesaal wat nie verbonde is aan of ’n deel uitmaak van ’n hospitaal of ’n perseel wat ingevolge die bepalings van die regulasies wat kragtens artikel 131 van die Volksgezondheidswet, 1919, uitgevaardig is, as ’n verpleeginrigting of kraaminrigting geregistreer is nie: Met dien verstande dat die werksaamhede wat in enige sodanige operasiesaal verrig mag word, beperk word tot ambulante pasiënte en tot geringer werksaamhede wat in die Bylae hierby aangegee word;

(c) ’n spreekkamer, tandartssprekkamer of ouetehuis.

Gebruik van Persele.

2.(1) ’n Perseel wat as, en vir die doel van, ’n verpleeginrigting gebruik word, kan deel uitmaak van, self gebruik word as, of verbind wees met sodanige ander perseel wat vir sodanige ander doel gebruik word as wat goedgekeur mag word, of kan sodanige ander perseel insluit: Met dien verstande dat dié goedkeuring nie afbreuk mag doen aan die bepalings van die Raad se Dorpsaanlegskemas nie.

(2) Behalwe in die geval van ’n verpleeginrigting wat op 25 April 1974 reeds aldus gebruik is, en behoudens

by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Public Health By-laws of the Roodepoort Municipality, published under Administrator's Notice 11, dated 12 January 1949, as amended, are hereby further amended as follows:—

1. By the substitution for Chapter 7 of the following:—

“CHAPTER 7.

NURSING HOMES.

Definitions.

1. In this Chapter, unless inconsistent with the context —

‘adequate’ and ‘effective’ mean adequate or effective, as the case may be, in the opinion of, and ‘approved’ means approved by the medical officer of health, regard being had to the reasonable public health requirement of the particular case;

‘Council’ means the Town Council of Roodepoort and includes the management committee of that Council or any officer employed by the Council, acting by virtue of any power vested in the Council in connection with these by-laws and delegated to him in terms of section 58 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960 (Ordinance 40 of 1960);

‘medical officer of health’ means the medical officer of health of the Council and any person duly authorised to act on his behalf;

‘nursing home’ means and includes any premises where the nursing or care of patients is carried on for gain but does not include —

(a) any institution owned or controlled by the Government of the Republic of South Africa, a Provincial Administration, a local authority or a hospital board constituted under the Hospitals Ordinance, 1958;

(b) any operating theatre not attached to or forming part of any hospital or premises registered as a nursing home or maternity home in terms of the regulations under section 131 of the Public Health Act, 1919: Provided that the procedures carried out in any such operating theatre are restricted to ambulatory patients and to the minor procedures enumerated in the Schedule hereto;

(c) any consulting room, dental surgery or home for aged persons.

Use of Premises.

2.(1) Premises used as and for the purposes of a nursing home may comprise, form part of, themselves be used as, or communicate with such other premises used for some other purpose as may be approved, such approval to operate without prejudice to the requirements of the Council's Town-planning Schemes:

(2) Save in the case of a nursing home already carrying on business on the 25th April, 1974, and save as pro-

die bepalinge van subartikel (3) kan 'n perseel wat as 'n verpleeginrigting gebruik word, of as 'n kraaminrigting, of as 'n inrigting vir ander geneeskundige en heelkundige gevalle gebruik word, maar nie vir albei hierdie doeleindes nie.

(3) 'n Perseel wat as 'n verpleeginrigting gebruik word, kan vir kraamgevalle sowel as mediese, ginekologiese en heelkundige gevalle gebruik word mits —

- (a) een deel van die perseel uitsluitlik vir kraamgevalle en 'n ander deel uitsluitlik vir mediese, ginekologiese en heelkundige gevalle afgesonder is;
- (b) geen kamer, gang, trap, saal, deurgang, hyser, buite-ingang of -uitgang of ander gedeelte van die perseel vir watter doel ook al deur die twee dele gemeenskaplik gebruik word nie, uitgesonderd dié wat uitsluitlik gebruik word vir —
 - (i) waskamers;
 - (ii) sentrale steriliseereenhede met inbegrip van bykomstige eenhede en pakkamers;
 - (iii) patologiese laboratoriums;
 - (iv) kombuise saam met die nodige bykomende opwas kombuise, opwasgeriewe, en voedselpakkamers en opbergruimte;
 - (v) opbergruimte vir ongebruikte of toereikend gestilliseerde voorrade;
 - (vi) 'n administrasiekantoor of kantore, uitgesonderd dié wat in verband met die opneem en ontslag van pasiënte gebruik word;
 - (vii) sentrale farmasoutiese eenhede;
 - (viii) lykhuse; en
 - (ix) werkwinkels;

Met dien verstande dat daar nie vanaf een deel deur die ander een toegang tot die gedeeltes wat aldus gemeenskaplik gebruik word, verkry mag word nie: Voorts met dien verstande dat 'n gemeenskaplike toegang wat van albei dele na die gedeelte wat aldus gemeenskaplik gebruik word, lei, toereikend geventileer is;

- (c) daar geen regstreekse toegang van die een deel af na die ander een is nie, en ook geen opening, ruimte of gaping in 'n gemeenskaplike muur tussen die twee dele waardeur daar 'n deurtog van lug vanuit die een deel in die ander een is nie;
- (d) iedere vloer van enige gedeelte van die een deel wat reg bokant 'n gedeelte van die ander deel is, van gewapende beton of ander goedgekeurde sypeldigte materiaal gemaak is.

(4) (a) Geen lid van die verpleeg- of siekesaaldienspersoneel mag binne 24 uur nadat hy in een van die dele van 'n verpleeginrigting waarna daar in subartikel (2) verwys is, diens gedoen het, in die ander deel diens doen of dit in 'n amptelike hoedanigheid of met sy uniform aan binnegaan nie.

(b) Die uniforms en beskermingsklere wat gedra word deur die werknemers in die gemeenskaplike deel, die werknemers in die deel wat vir kraamgevalle afgesonder is, en die werknemers in die deel wat vir mediese, ginekologiese en heelkundige gevalle afgesonder is, moet duidelik van mekaar onderskei kan word.

vided in subsection (3), premises used as a nursing home may be used for the purpose either of a maternity home or for a home for other medical and surgical cases but shall not be used for both such purposes.

(3) Premises used as a nursing home may be used for maternity cases as well as medical, gynaecological and surgical cases, provided that —

- (a) one part of the premises is set aside exclusively for maternity cases and another part is set aside exclusively for medical, gynaecological and surgical cases;
- (b) no room, passage, stairway, hall, corridor, lift, external entrance or exit or other portion of the premises shall be used in common for the two parts for any purpose whatsoever save and except such as are used exclusively for the purpose of —
 - (i) laundries;
 - (ii) central sterilising units, including ancillary units and stores;
 - (iii) pathological laboratories;
 - (iv) kitchens together with such sculleries, washing-up facilities, larders and storage space ancillary thereto as are necessary;
 - (v) storage space for unused or adequately sterilised stores;
